**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 02/2010

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **THABA TAFITA DIAMOND MINING BK** | Eerste Applikant |
| **JOHANNES SCHRENK** | Tweede Applikant |
| **ANNA SOPHIA SCHRENK** | Derde Applikant |

en

| | |
|---|---|
| **MINISTER VAN MYNWESE** | Eerste Respondent |
| **ADJUNK DIREKTEUR-GENERAAL MINERALE REGULERING** | Tweede Respondent |
| **STREEKSBESTUURDER:DEPARTEMENT MINERALE, VRYSTAAT STREEK** | Derde Respondent |
| **WHEATFIELDS INVESTMENTS 168 (EDMS) BPK** | Vierde Respondent |

---

**CORAM:** HANCKE, R *et* C. J. MUSI, R

---

**UITSPRAAK:** HANCKE, R

---

**AANGEHOOR OP:** 18 APRIL 2011

---

**GELEWER OP:** 21 APRIL 2011

---

[1] Hierdie is 'n hersieningsaansoek ingevolge Hofreël 53 van die Eenvorminge Hofreëls, saamgelees met die "Promotion of Administrative Justice Act" Wet 3 van 2000, gerig teen 'n beslissing van die tweede respondent, as gedelegeerde

van die eerste respondent, in die toestaan van 'n prospekteerpermit ten gunste van die vierde respondent, asook die weiering van die toestaan van 'n prospekteerpermit ten gunste van die eerste applikant, ten opsigte van Gedeelte 1 van die plaas Speculatie 217, distrik Boshof, Vrystaat Provinsie.

[2] Dit blyk uit die stukke dat die tweede en derde applikante, wie getroud is in gemeenskap van goedere, die geregistreerde eienaars is van die plaas "Speculatie" en dat tweede applikant die meerderheidsledebelangehouer in die eerste applikant is.

[3] Die enigste geskilpunt in die huidige aansoek is die vraag of daar voldoende konsultasie was soos bedoel in artikel 16(4)(b) van Wet 28 van 2002, welke artikel soos volg lui:

> "If the regional manager accepts the application the regional manager must within 14 days from the day of acceptance notify the applicant in writing
>
> a) to submit an environmental management plan; and
>
> b) *to notify in writing and consult* with the land owner or lawful

> occupier and any other affected party and submit the result of the consultation within 30 days from the date of notice."

(my beklemtoning)

[4] In die saak van **JUAAN PIETER SONNENBERG v THE MINISTER OF MINERALS, ENERGY** (Ongeraporteerde saak nommer 3244/2009 gedateer 10 Mei 2010) verklaar Cillié R op p 8 die volgende:

> "4.2 The purpose of this is clear. The land owner must be informed of the fact that the application for a prospecting right over his property has been made in order that he can decide how to respond thereto.
>
> 4.3 In order to make this decision the land owner should at least be given sufficient details of the proposed prospecting activities including the extent nature and locality thereof."

Vergelyk ook **MEEPO v KOTZE AND OTHERS** 2008 (1) SA 104 (NK).

[5] Dit is die vierde respondent se saak dat daar reeds in 2006 deur die vierde respondent met die tweede en derde applikante gekonsulteer is en dat hulle na bewering

inskiklik was dat die vierde respondent 'n prospekteerpermit kan bekom. Dit blyk ook uit die opponerende eedsverklaring van Gerber, 'n direkteur van die vierde respondent, dat hy sedert September 2009 verskeie kere gepoog het om met die tweede applikant in verbinding te tree ten einde 'n afskrif van die prospekteerreg en "environmental management plan" aan hom te oorhandig en reëlings te tref met betrekking tot toegang tot sy plaas. Dit blyk dat hy nie enige samewerking van die tweede applikant gekry het nie en dat hy in hierdie verband onsuksesvol was.

[6] Dit blyk uit die stukke dat die vierde respondent se aansoek, alhoewel gedateer 9 Oktober 2008, eers by die Departement ingedien is op 30 Januarie 2009, welke 'n datum is nadat die "closure certificate" ten gunste van De Beers Consolidated Mines Limited uitgereik is op 13 Januarie 2009. Daarna is die vierde respondent se permit toegestaan op 31 Augustus 2009 en is die tweede applikant telefonies in kennis gestel en meegedeel dat 'n prospekteerreg toegestaan is ten opsigte van hierdie eiendom, welke opgevolg is deur drie skrywes gedateer 16

November 2009, asook ‘n verdere skrywe van 16 November 2009 aan die Departement van Minerale en Energie te Welkom, en 21 Oktober 2009 gerig aan die tweede applikant. Daarna is ‘n skrywe gerig aan vierde respondent se prokureurs deur applikant se voormalige prokureurs op 25 November 2009, waarin navrae gerig is ten aansien van die regte wat na bewering deur die vierde respondent verkry is.

[7] Dit is duidelik dat die beweerde konsultasie gedurende 2006 geensins die saak verder voer vir die vierde respondent nie. Dieselfde geld ook vir die abortiewe poging om te konsulteer gedurende September 2009 toe die vierde respondent gepoog het om ‘n afskrif van die prospekteerreg aan tweede applikant te oorhandig en om reëlings te tref met betrekking tot toegang tot sy plaas. Afgesien van mondelinge, gebrekkige en gepoogde konsultasie bestaan daar ook geen dokumentasie tot die effek dat daar wel ‘n konsultasieproses gevoer is soos vereis in Artikel 16(4) van Wet 28 van 2002 nie.

[8] Dit blyk dus uit die voorgaande dat daar nie voldoen is aan

die bepalings van Artikel 16(4)(b) van Wet 28 van 2002 nie, welke gebrek fataal was vir die aansoek van die vierde respondent, en welke aansoek gevolglik hersienbaar en dus onderhewig aan tersydestelling is.

[9] Wat die eerste applikant se aansoek betref is dit behoorlik geprosseseer en het die eerste applikant aan al die vereistes voldoen soos bedoel in Wet 28 van 2002. Die enigste rede waarom die eerste applikant se aansoek afgewys is deur die Departement van Minerale en Energiesake blyk volgens die stukke dat daar 'n bestaande reg oor die grond vir prospektering bestaan het in die vorm van die vierde respondent se reg, welke reg onderhewig is aan deurhaling. Hierdie Hof is gevolglik by magte ooreenkomstig Artikel 8(1)(c)(3)(aa) en Artikel 8(2) van die Promotion of Administrative Justice Act, 3 van 2000 om 'n bevel uit te reik dat die eerste respondent se aansoek om prospekteerregte ingevolge Artikel 16 gelees met Artikel 17 van Wet 28 van 2002, toegestaan word.

[10] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die besluit van die tweede respondent om 'n

prospekteerreg aan die vierde respondent toe te staan met betrekking tot die eiendom genaamd “Gedeelte 1 van die plaas Speculatie, no 217, distrik Boshof, Vrystaat Provinsie” word hersien en tersydegestel en die prospeteerreg nommer FS5/1/1/2/749PR word bygevolg nietig verklaar.

2. Die besluit van die tweede respondent om die aansoek om ‘n prospekteerreg aan die eerste applikant ten opsigte van prospekteerreg vir die eiendom genaamd “Gedeelte 1 van die plaas Speculatie, no 217, distrik Boshof, Vrystaat Provinsie, gedateer 5 Oktober 2009, te weier, word tersydegestel en gemelde prospekteerreg oor die gemelde eiendom word ten gunste van die eerste applikant toegestaan.
3. Die vierde respondent word gelas om die koste van hierdie aansoek te betaal.

**S. P. B. HANCKE, R**

Ek stem saam.

______________________

**C. J. MUSI, R**

| | |
|---|---|
| Namens die applikante: | Adv. P. Zietsman SC<br>In opdrag van:<br>Lovius-Block<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die vierde respondent: | Adv. A. G. van Tonder<br>In opdrag van:<br>Naudes<br>BLOEMFONTEIN |

Geen verskyning namens eerste, tweede en derde respondente nie.

/EB